LAERSKOOL GOEDEHOOP

# Goedes Nuusbrief

GROEI EN BLOEI

NUUSBRIEF 6/2026

## Mnr Gawie sê sy sê...Wat 'n vriend het ons in Jesus?

Lofsang is 'n gesprek met God, maar dit herinner ons ook wie God is. Alhoewel ons baie keer die mooi wysie geniet moet ons nie die waarde van die woorde in die liedjie vergeet nie. Ek herinner u graag aan een van die liedjies wat al geslagte lank deel van die kerk is. "Wat 'n vriend het ons in Jesus, Hy wat in ons plek wil staan. Wat 'n voorreg om gedurig tot Gods troon deur Hom te gaan." Ons kan tot by God nader deur Jesus, deur Hom het ons vrye toegang. Hoe dikwels ly ons smart, net omdat ons nie ons node uitstort in Gods Vader hart nie. Jesus gee ons die toegang, ons kry dan swaar omrede ons besluit om nie tot God te nader nie. "Nêrens is 'n vriend getrouer as Hy wat ons node weet". Jesus weet nie net alles nie, Hy voel saam met ons en wil deel wees van ons leed. Ons weet soms versaak ons vriende ons, hulle vergeet van ons en soms as ons nie meer iets kan bied nie, verdwyn hulle. Jesus nie. In sulke omstandighede, soek Hom in gebed, want aan Sy boesem is ons veilig, Hy vertroos ons keer op keer.

## Goegieland

Baie dankie vir almal se ongelooflike kreatiwiteit met ons tweede pretdag van die jaar! As ons na die gees en entoesiasme kyk, lyk die toekoms van ons land se sport beslis blink! Ons is tans druk besig met assesserings. Moet asseblief nie maats onnodig tuis hou nie, aangesien hierdie waarnemings 'n belangrike deel van hul ontwikkeling en vordering vorm. Hou gerus die kwartaalprogram dop vir alles wat in die kleuterskool gebeur. Daar is heelwat opwindende aktiwiteite wat voorlê.

**KONSERT 2026 -** Loer asseblief op die Karri-toep vir konsertinligting en betalings.

Datum: 13 Junie 2026
Tyd: 10:00 – 12:00
Plek: Kruik

Ons sien baie uit na 'n heerlike kwartaal saam met ons Goegies.

Groete uit Goegieland

## Akademie

Die toetsreeks is aan die gang en dit is belangrik dat ons in al hierdie nie sal vergeet om voor te berei vir die onderskeie toetse nie. Ouers moet ook in ag neem dat in baie van die vakke word daar ook take gedoen. Take vir formele assessering moet in die klas gedoen word. Kinders moet egter voorbereid by die klas opdaag vir die taak. By elke taak is daar voorbereiding wat gedoen moet word, nie net moet sekere items na die skool gebring word nie, die akademiese kennis om die taak in die klas te doen is ook belangrik. Voorbereiding word by die huis gedoen en die taak word in die klas afgehandel. Ons is bietjie bekommerd oor kinders wat nie aldag hulle huiswerk doen nie. Hierdie is 'n belangrike faset van die onderrigproses, alhoewel die kinders nie te veel huiswerk moet kry nie, moet daar wel bietjie gegee word om te help met die vaslegging van die kennis. U as ouers moet asseblief daagliks vra in watter vakke het u kinders huiswerk.

## Week se Program

### 25 Februarie 2025

- **Mini-Netbalkliniek o/7 tot o/10**

### 26 Februarie 2025

- **Toets: Wisk**
- **Mini-Netbalkliniek o/7 tot o/10**

### 27 Februarie 2025

- **Atletiek MUSSA's**

### 24 tot 26 Februarie 2025

- **Rugby HS Secunda Aandreeks**



## Spansporte

Ons het begin oefen in spanne en is opgewonde dat die eerste wedstryde reeds volgende week begin. Ons rugby en netbal eerste spanne speel volgende week in 'n aandreeks by Hoërskool Secunda. Hierdie is 'n goeie geleentheid met 'n lekker atmosfeer. Dis lekker om die mense van die dorp saam op die pawiljoen te sien waar hul hul onderskeie spanne ondersteun. Ons nooi die ander maats en die ouers van die skool uit om die geleentheid by te woon en die spanne te ondersteun. Die atmosfeer is gewoonlik elektries en ons is dankbaar vir Hoërskool Secunda wat hierdie geleentheid aan ons spanne skep.

## Mini-Netbal

Daar sal Maandag, 23 Februarie 2026 geen voorseisoen-oefening wees vir die o/7 tot o/8's nie as gevolg van die Mini-Netbalkliniek wat Woensdag, 25 Februarie 2026 en Donderdag, 26 Februarie 2026 plaasvind. Baie dankie vir die leerders wat reeds ingeskryf het vir die kliniek. Die Mini-Netbalkliniek is vir die o/7- tot o/10-dogters. Maandag, 23 Februarie 2026 moet al die o/9-dogters netbal kom oefen. Ons wil solank twee spanne saamstel aangesien hulle op Saterdag, 7 Maart 2026 by Laerskool Wierdapark gaan netbal speel.

## Netbal

Sterkte aan albei ons o/13-netbalspanne wat deelneem aan die aandreeks by Hoërskool Secunda op 24 tot 26 Februarie 2026. Kom wys jou ondersteuning – ons sien julle langs die baan!










| 23 Feb | 24 Feb | 25 Feb | 26 Feb | 27 Feb | 28 Feb | 1 Mrt |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Jessica Schwartz | Mia Munnik<br>Anika Nolan<br>Jacques Toerien<br>Bismarck Toerien<br>Karla Coetzer | Alicia Cronje | Liala Bellingan<br>Johan Fourie<br>Telisha Muller<br>Daryl Petzer | Wian Venter | Ayden Cooper<br>Daniell J v Vuuren<br>Alex Herbst | Zandilie Rudolph<br>JJ Grabie<br>Ian Jacobs<br>Luka Breytenbach |

# Atletiek Gert Sibandespan

Baie geluk aan al ons atlete wat tydens die Gert Sibande Atletiekbyeenkoms in die eerste vier plekke geëindig het. Hulle is opgeneem in die Gert Sibandespan en neem op Vrydag, 27 Februarie 2026 aan die Mpumalanga Atletiekbyeenkoms deel.

| | | |
|---|---|---|
| Emma du Plessis | - | 4de o/12D 1200m |
| Daantjie Lesch | - | 4de o/13S 1500m |
| | - | 4de o/13S 800m |
| HW Meyer | - | 2de o/12S Diskus |
| | - | 1ste o12S Spiesgooi |
| Zani Venter | - | 2de o/12D Spiesgooi |
| DeAndré du Preez | - | 4de o/11S 70mH |
| Cayleigh Cooper | - | 2de o/13D 75mH |
| Jayden Ferreira | - | 1ste o13S 80mH |
| | - | 1ste o/13S 200mH |
| Nico vd Westhuizen | - | 3de o/13S 80mH |
| Jeandré Oosthuizen | - | o/13S Diskus |
| | - | o/13S Gewigstoot |
| Harmand Marais | - | o/8S 400m |
| Rori Mokheseng | - | o/9S 600m |
| Arlu Greeff | - | o/9S 600m |
| | - | o/9S 60m |
| Mia Munnik | - | o/12D 150mH |
| AJ vd Merwe | - | 2de o/12S Spiesgooi |
| Johandré Viljoen | - | 4de o/13S Gewigstoot |
| Manny Neto | - | o/12D Verspring |
| Dian Viljoen | - | 3de o/13S 200m |
| | - | 2de o/13S 100m |
| Mikyla Riekert | - | 4de o/8D 80m |
| Jane du Preez | - | 3de o/9D 80m |
| | - | 4de o/9D 60m |
| Handré Carstens | - | 3de o/9S 80m |
| | - | 3de o/9S 60m |
| Wiané vd Berg | - | 2de o/10D Gewigstoot |
| Chloé Kleb | - | 1ste o/13D 800m |
















































# Rainbow Rush

Loop dit. Hardloop dit. Kleur dit. Bring jou mense en maak herinneringe by Rainbow Rush! Inskrywings nou oop! Goedehopers direk op Karri-toep. Publiek klik op die skakel.

LAERSKOOL GOEDEHOOP

GROEI EN BLOEI

**Goedehoop-Groete**
**Mnr Gawie van Niekerk**
**Prinsipaal**

**Rainbow Rush**



# GESOEK

## GOEDEHOPERS 2027



WAAR
KLEIN
SPORE

GROOT
PAAIE
WORD!

**INLIGTINGSAAND**
**4 JUN '26**
18:00 SKOOLSAAL

**OPEDAG**
**5 JUN '26**
14:30 TOT 17:00

KONTAK JUANITA BY 083 589 8026 VIR ENIGE INLIGTING

PARK LIFTING

MoorGate
INDUSTRIAL SERVICES (PTY) Ltd

RUA-CON
PROJECT SERVICES

LEADERSHIP SOLUTION DIRECTION
MAV CORP

AGRITEGH

I·F·J·A
Ready to
BOER

ONTOGENESIS ENGINEERING

ONTOGENESIS SPORTS

BISON
SPORT

EVOKE

KISME
GROUP OF COMPANIES –
…ICATION • WELDING • CONSTRUCTION • PRECISION ENGINEERING

F-JJ
BOERSEUNS

EVOLVE
ESTD 2022
MAINTENANCE

GRIP AND RIP FITNESS
ESTD 2015

Blind Guys®
We Only Do Stunning™

SO TRAN TRADING

LAEVELD AGROCHEM
Sedert 1991

JTOOL (Pty) Ltd

Baie dankie aan elke ouer, maatskappy en vriend vir julle ondersteuning en bydrae tot die sukses van ons jaarlikse Knipmesbraai. Julle betrokkenheid word opreg waardeer!

# Dankie!

# LS Goedehoop Knipmesbraai 2026

LAERSKOOL GOEDEHOOP
GROEI EN BLOEI

#kindersmethoop